

Uitverkies om te glo en om die waarheid te ken

Paulus skryf aan sy eie kind in die geloof, Titus. Hy het hom op die eiland Kreta agtergelaat om die gemeente verder te lei en te versorg. Voordat Paulus egter oor die gemeentewerk skryf, is dit belangrik dat hy as dienaar en apostel van die Here eers oor sy opdrag skryf (vgl. fokusgedeelte). Almal wat *deur God uitverkies* is, moet deur die Woord gelei word. Hulle word gelei tot die geloof en tot kennis van die waarheid.

God kies gelowiges deur Christus om te *glo*. Die keersy van God se verkiesing is geloof: God kies niemand sonder dat hulle tot geloof kom nie. Aan die ander kant sal niemand werklik kan glo as hulle nie deur die Here gekies is nie. Ek glo omdat ek gekies is, en ek is gekies om te glo!

Dié wat deur God gekies is, word ook gelei tot *kennis van die waarheid*. Hoe meer kennis van die waarheid, hoe meer die persoonlike toewyding aan die God van die waarheid, en hoe meer die hoop op die ewige lewe. Die ewige lewe staan vir uitverkorenes vas omdat die God wat sy woord hou, dit belowe het. God wat sy woord hou, staan in skrilte kontras met die leuens en onbetroubaarheid van sommige lidmate waarmee Titus te doen het (10-16).

Onmiddellik, nog voordat Paulus iets oor die organisasie van die gemeente skryf, is dit van uiterste belang dat Titus en die gemeente moet weet dat kerkwees en gelowig wees in die eerste plek oor die verkiesende God gaan. Geloof in hierdie verkiesende God en kennis van sy waarheid laat gelowiges hulle aan Hom toewy en vashou aan sy belofte van die ewige lewe.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2, 7

Ds RM van der Merwe (Wolmaransstad)